Resensie 8
Oktober 2012

**Titel:** The Lives of Ordinary People in Ancient Israel
**Subtitel:** Where Archaeology and the Bible Intersect
**Outeur:** William G. Dever. 2012
**Uitgewer:** Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids MI.
**Bladsye:** 436
**ISBN:** 978-0-8028-6701-8 (sagteband)

Bill Dever is seker die bekendste Amerikaanse argeoloog wat reeds talryke opgrawingsprojekte in Israel (o.a. Gezer), Palestina, Jordanië en Siprus gelei het. Hoewel hy reeds 'n geruime aantal jare afgetree is (hy word in 2013 tagtig jaar oud), is hy steeds aktief as skrywer en navorser. Hy is 'n gereelde besoeker aan en vennoot van die Albright Instituut vir Argeologie in Jerusalem, en besoek steeds opgrawingsplekke in Siro-Palestina om op die hoogte van nuwe ontdekkings te bly.

Die boek wat hier geresenseer word, is reeds sy vierde van die afgelope dekade. Sy vorige publikasies het telkens die navorsingsgemeenskap aan die praat gesit, nie net deur die deeglikheid van sy navorsing en skryfwerk nie, maar ook deurdat hy soms teen die grein van die gangbare diskussies in die veld geargumenteer het. Hy het in sy vorige publikasies soms kaalvuis ingeklim onder die sogenaamde "minimaliste" wat meen dat die Bybelse geskrifte van (byna) geen waarde is vir die rekonstruksie van Oud-Israel se geskiedenis nie. Dit het hom dikwels die voorwerp van felle kritiek gemaak deurdat hy dan as "maksimalis" uitgekryt is – dit wil sê, as iemand wat min of meer die geskiedenis van Oud-Israel vanuit die Bybel wil aflees sonder om in ag te neem dat dit hoogs-tendensieuse geskrifte is. Hy verweer hom egter telkens teen die etiketering as "maksimalis" deur aan te dui dat hy nie 'n teïs is nie, en daarom nie daarin belangstel om die Bybel as Skrif te lees nie. Hy meen dat die Bybelse geskrifte meestal uit gekonstrueerde verhale en fiksie bestaan wat meestal propagandisties is, maar dat 'n mens terselfdertyd nie kan ontken dat hierdie geskrifte soms harde historiese feite bevat nie.

In sy vorige publikasies het hy dus reeds substansieel bygedra tot die historiese beskrywing van Oud-Israel, asook van Oud-Israel se godsdiens.[1] In sy vorige boek (2005) dui hy byvoorbeeld aan dat die aanbidding van Asjera vir eeue voortgegaan het in die alledaagse godsdiensbeoefening onder gewone mense in Israel en Juda, en dat die Jerusalem-gesentreerde boekgodsdiens wat deur Deuteronomistiese kringe in die Bybelse geskrifte gepropageer word, bloot maar

1 Sien bv. die drie boeke van die afgelope dekade: *What did the biblical writers know, and when did they know it? What archaeology can tell us about the reality of Ancient Israel* (Eerdmans, 2001); *Who were the early Israelites and where did they come from?* (Eerdmans, 2003); *Did God have a wife? Archaeology and folk religion in Ancient Israel* (Eerdmans, 2005).

die (waarskynlik onpraktiese) ideale van ’n klein elite-groepie priesters was. Hy baseer sy gevolgtrekkings op argeologiese vondste (soos kultiese objekte, amulette, ensovoorts) wat in die plattelandse gebiede van Siro-Palestina gevind is.

In die huidige publikasie keer hy weer terug na die lewe van gewone mense in Oud-Israel. In hierdie werk poog Dever om ’n “sekulêre” geskiedenis van Palestina in die Ystertydperk (met fokus op die agste eeu v.C.) te skryf: “What I intend to do here is to construct a parallel history of one era in ancient Israel and Judah – a sort of ‘secular history’ of Palestine in the Iron Age – to supplement (and perhaps to correct) the portrait we have in the texts of the Hebrew Bible. But the *archaeological* data, not the textual data, will be the primary source initially. To be sure, the textual data will be considered later, in Part II of each chapter, wherever they can be shown to be historically accurate beyond reasonable doubt. But the biblical texts will be subsidiary and will often prove to be of minimal importance. In this sense, the present work will almost be ‘a history without the Bible,’ at least for the most part, even though some have declared this impossible” (vi-vii). Die hele doel van hierdie oefening is juis om die “lives of ordinary people” sigbaar te maak wat dikwels heeltemal verberg word in die tradisionele geskiedenisse van Oud-Israel.

In die eerste twee hoofstukke gee Dever ’n baie toeganklike oorsig oor die gebied van historiografie. Hy definieer “geskiedenis”, dui aan watter bronne gebruik kan/moet word, wat die doelwitte van geskiedskrywing is, en watter metodes daarvoor nodig is. Hy gee verder ’n goeie oorsig oor die uitdagings wat die hoof gebied moet word wanneer ’n geskiedenis van Oud-Israel geskryf word.

Nadat die outeur in hoofstuk 3 ’n geografiese oriëntering gegee het oor die Siro-Palestynse area, gaan hy in die volgende hoofstuk voort om ’n kort opsomming te gee van die vernaamste argeologiese opgrawingsplekke in hierdie gebied. Hy organiseer hierdie plekke in ’n 6-vlakkige hiërargie van hoofstede (Samaria en Jerusalem) tot forte. In hoofstukke 5 en 6 fokus hy dan op die kleiner vestigings (dorpe, gehuggies en plattelandse gebiede) ten einde die alledaagse lewe van die antieke mense te beskryf.

Hoofstuk 7 en 8 werk meer tematies, deurdat Dever eers fokus op sosio-ekonomiese strukture, en daarna op godsdiens en kultus. Hy toon in hierdie hoofstukke aan hoe die interaksie tussen die groter administratiewe en godsdienstige sentra en die plattelandse dorpies en gehuggies die alledaagse lewe van mense geraak het.

Hoofstuk 9 gee ’n oorsig oor Israel se verhouding tot sy onmiddelike bure (dit wil sê, uitgesluit die grootryke van die tyd), terwyl die laaste hoofstuk aandui hoe oorlog en konflik met die grootmagte (veral die Assiriese bedreiging) die alledaagse lewe beïnvloed het.

In die meeste hoofstukke maak Dever van ’n driedeling gebruik. In die eerste afdeling bied hy die argeologiese data aan; daarna ondersoek hy die Bybelse gegewens; en laastens veroorloof hy homself om te spekuleer hoe dinge regtig was in die tyd van Oud-Israel. In die tweede gedeelte, dit wil sê waar die Bybelse

http://ngtt.journals.ac.za

gegewens ondersoek word, skroom hy nie om aan te dui wanneer die Bybelse gegewens duidelik geen historiese basis het nie, maar ook nie om aan te dui watter gegewens wel historiese feite is nie.

In sy konklusie keer hy terug na die waarde van die Bybel vir godsdiens en geloof. Sy bespreking van "Faith and History" mag dalk juis betekenisvol wees vir gelowiges in die Suid-Afrikaanse konteks. Hy stel die vraag soos volg aan die orde: "If faith, or religious belief, depends on the biblical accounts being true, what happens if archaeology demonstrates that the events in question did not happen?" (379). Hy verweer hom teen die aanklag wat sommige gelowiges teen sy weergawe van Israel se geskiedenis sou kon inbring dat hy daarmee die bron van alle geloof ontneem het. Hy dui aan dat sy weergawe van die lewe van gewone mense in Oud-Israel dalk juis die Bybel meer geloofwaardig vir lesers sal maak: "Setting the Hebrew Bible into a real-life context, illustrating its stories through the archaeological remains now brought to light, does not detract from it. To the contrary, this kind of history of ordinary folk can make the Bible *more* credible, more believable, because it is a story about people like its readers. In my reconstruction here, I can only hope that I have given a voice to those countless anonymous people of ancient Israel" (381).

Hierdie boek kan van harte aanbeveel word, nie net vir studente wat meer oor Siro-Palestynse argeologie wil leer nie, maar vir enigeen wat dieper dink oor die geskiedenis- en geloofswaarde van die Bybel. Die boek is uiters toeganklik geskryf, en is ryklik geïllustreer met foto's, kaarte, sketse en tabelle. Wat veral beïndruk van hierdie outeur is dat hy weier om homself in die ekstreme keurslywe van "minimalis" of "maksimalis" te laat indwing. Die nugterheid waarmee hy skryf, word aangevul deur gesonde provokasie tot verdere nadenke. Hoewel die leser nie noodwendig met al sy konklusies sal saamstem nie, sal sy/hy steeds verryk wees na die lees van hierdie boek.

En as die leser wil weet watter Bybelse gegewens deur Dever as histories beskou word, en watter nie, wel, dan sal sy/hy die boek moet aanskaf/uitleen en begin lees!

**PROF LOUIS JONKER,**
**(DISSIPLINEGROEP OU EN NUWE TESTAMENT, FAKULTEIT TEOLOGIE, STELLENBOSCH)**
Oktober 2012

---

http://ngtt.journals.ac.za